

## **TOELATINGSBELEID**

### **1. WETGEWING**

Alle aspekte wat in hierdie beleid vervat is, is van toepassing gemaak op die

- Suid Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996)
- "National Education Policy Act" 1996 (Wet 27 van 1998)
- Buitengewone Provinciale Koerant: Kennisgewing 61 van 1998
- Staatskoerant: Kennisgewing 2432 van 1998
- Departementele Omsendskrywe 80 van 1999

### **2. TOELATINGSDATUM VAN LEERDERS**

- 2.1 Alle Gr 1-leerders of leerders wat vir die eerste keer in 'n ander fase van die skool wil registreer, moet dit tussen Augustus en Oktober in die voorafgaande jaar doen.
- 2.2 Leerders wat op daardie stadium reeds by die skool ingeskryf is, moet slegs 'n skriftelike aanduiding gee of die skool wel die daaropvolgende jaar bygewoon sal word.
- 2.3 Laat registrasies kan nog tot die tiende skooldag van die jaar van toelating aanvaar word.
- 2.4 Toelating van Gr 1 – leerders na die tiende skooldag sal slegs met spesiale toestemming van die Beheerliggaam aanvaar word.

### **3. TOELATINGSOUDERDOM VAN LEERDERS**

- 3.1 'n Leerder is skoolpligtig en moet in graad 1 ingeskryf word in die jaar waarin hy/sy sewe jaar oud word.
- 3.2 Indien 'n leerder in die jaar waarin hy/sy ses word, ingeskryf wil word, moet hy/sy voor of op 30 Junie van daardie jaar verjaar.
- 3.3 Die statistieke ouderdomnorm per graad is die graadsyfer plus 6, m.a.w.

Gr 1 (+6) = ouderdom 7  
Gr 2 (+6) = ouderdom 8  
Gr 3 (+6) = ouderdom 9  
Gr 4 (+6) = ouderdom 10  
Gr 5 (+6) = ouderdom 11  
Gr 6 (+6) = ouderdom 12  
Gr 7 (+6) = ouderdom 13

- 3.4 'n Leerder wat skoolpligtig, maar drie jaar of meer bo die normale ouderdom vir die betrokke graad is, se toelating is onderhewig aan toestemming van die Beheerliggaam. Alvorens so 'n leerling toegelaat word, sal daar eers met die Distriksdirekteur gekonsulteer word.

### **4. WOONPLEK AS TOELATINGSNORM**

Leerders word as volg tot die skool toegelaat :

- 4.1 Leerders wat binne die area woon.
- 4.2 Leerders, van wie een van die ouers buite die area woon, maar binne die area werksaam is.
- 4.3 Area word bepaal deur die woon- of werkplek aan die naaste skool.
- 4.4 Leerders wat buite die area woon en wie se ouers buite die area werk, se name word op 'n waglys geplaas en aan die Beheerliggaam voorgelê vir toestemming tot toelating.

**5. TAALBELEID AS TOELATINGSNORM**

(Sien punt 8: Taalbeleid)

**6. TOELATING VAN LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTES (LSOB)**

- 6.1 Geen leerder mag in die LSOB-klas toegelaat word alvorens daar nie toestemming vanaf die Distriksdirekteur verkry is nie en die leerder nie van 'n toelatingsnommer voorsien is nie.
- 6.2 Leerders word, nadat 'n deeglike RO-program in die normale stroom gevolg is en geen vordering toon nie, met die ouers se toestemming, vir evaluering by die Onderwyshulpdienst aangemeld.
- 6.3 Leerders kan in die klas toegelaat word indien daar voldoende akkommodasie beskikbaar is. Indien die klas vol is, word leerders op 'n waglys geplaas
- 6.4 'n Leerder verlaat die klas aan die einde van die jaar waarin hy/sy twaalf jaar oud geword het en word na 'n spesiale skool oorgeplaas.

**7. DOKUMENTE VIR TOELATING**

- 7.1 'n Aansoek om registrasie van 'n leerder moet deur die leerder se ouer of sorggewer gedoen word.
- 7.2 Die volgende dokumentasie moet voorgelê word:
  - a. die kind se identiteitsdokument of geboortesertifikaat
  - b. die kind se oorplasingkaart, indien hy/sy by 'n ander skool ingeskryf is,
  - c. die kind se jongste rapport, indien hy/sy by 'n ander skool ingeskryf is die kind se immuniseringekaart
- 7.3 Die hoof moet die egtheid van alle dokumentasie vasstel voordat 'n leerder toegelaat kan word.
- 7.4 Indien die nodige dokumentasie nie ingehandig kan word nie, kan 'n leerder, met die toestemming van die Beheerliggaam, vir 'n drie maande tydperk voorwaardelik toegelaat word. Gedurende hierdie tydperk sal die skool die ouer/sorggewer van die nodige hulp voorsien om die dokumentasie te bekom.

**8. ALGEMENE TOELATINGSBEGINSELS**

- 8.1 Geen leerder sal toelating geweier word op grond van ras, etniese of sosiale oorsprong, kleur, geslag, ongeskiktheid, godsdienst, gewete, geloof, kultuur, taal, swangerskap, HIV/VIGS-status of enige ander siekte.
- 8.2 Geen leerder sal toelating geweier word indien:
  - a. die ouer/sorggewer nie die onderriggelede kan betaal nie.
  - b. die ouer/sorggewer of leerder nie die missiestelling van die skool onderskryf nie.
  - c. die ouer/sorggewer weier om 'n kontrak aan te gaan ingevolge waarvan die ouer/sorggewer enige eis om skadevergoeding, wat uit die onderrig van die leerder mag voortspruit, kwytskel.